As 'n weerspieëeling van 'n effense afname in die volume en terselfdertyd 'n aansienlike daling in die prys, het die waarde van die netto goudproduksie opmerklik afgeneem van die eerste tot die tweede kwartaal. Die goudprys op die Londense mark het met 8 persent gedaal van 'n gemiddelde van VSA \$465 per fyn ons in die eerste kwartaal tot VSA \$428 per fyn ons in die tweede kwartaal. Ongeveer dieselfde persentiedaling het in die randprys van goud voorgekom. In Julie en Augustus het die goudprys effens verder afgeneem tot onderskeidelik VSA \$423 en VSA \$416 per fyn ons. Die randprys van goud het gedurende hierdie twee maande taamlik konstant op ongeveer R463 per fyn ons gebly.

Die goedere-invoer het sy afwaartse neiging in die tweede kwartaal van 1983 voortgesit. Hierdie daling was veral opmerklik in die klasse mineraalprodukte en masjinerie en elektriese toerusting. In Julie het die seisoensaangesuiwerde goedere-invoer verder afgeneem. In die vier maande tot Julie was die gemiddelde vlak van die goedere-invoer ongeveer 32 persent laer as die mees onlangse hoogtepunt in die eerste kwartaal van 1982. Volumegewys het die afname ongeveer 44 persent bedra.

Kapitaalrekening


Die oorskot op die lopende rekening in die tweede kwartaal het gepaard gegaan met 'n klein netto invloeiing van langtermynkapitaal ten bedrae van R379 miljoen. 'n Aansienlike bedrag aan langtermynlenings is

Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie R miljoene

	1982	1983	
	Jaar	1e kw.	2e kw.
Langtermynkapitaal			
Sentrale regering en banksektor	1 165	-130	478
Openbare korporasies en plaaslike owerhede	335	181	25
Netto verkope deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word	-262	-477	-258
Ander	715	74	134
Totale langtermynkapitaal	1 953	-352	379
Korttermynkapitaal nie verwant aan reserwes nie, maar met insluiting van onaangetekende transaksies			
	544	-363	-1 070
Totaal	2 497	-715	-691

deur die sentrale regering en banksektor in die buiteland aangegaan. Openbare korporasies het slegs 'n betreklik klein bedrag geleent. Hierdie toenames is gedeeltelik geneutraliseer deur 'n netto uitvloeiing van langtermyn-eienaarskapitaal van die private sektor. Laasgenoemde uitvloeiing was merkbaar kleiner as in die eerste kwartaal, wat daarop duï dat die aanmerklike stijging in netto verkope deur buitelanders van genoteerde Suid-Afrikaanse aandele, ná die afskaffing van valutabeheer oor nie-inwoners en die skerp daling in die goudprys in Februarie vanjaar, nie in die tweede kwartaal voortgesit is nie. Die daling in die goudprys vanaf laat in Februarie het die verwagtings wat vroeër

Netto kapitaalbewegings




bestaan het dat die rand sou voortgaan om te appreisseur, omgekeer. Dit het Suid-Afrikaanse invoerders en leners aangespoor om termynvalutadekking uit te neem, en die koste hiervan het die uitwerking gehad om die marge tussen die laer rentekoerse in die buiteland en die hoër Suid-Afrikaanse koerse uit te skakel. Op hierdie wyse is die aansporing om van buitelandse krediet gebruik te maak, verminder en was daar 'n algemene omskakeling vanaf buitelandse na binnelandse finansiering. 'n Groot netto uitvloeiing van korttermynkapitaal het dienooreenkomsdig vanaf Maart voorgekom en het R1 070 miljoen in die tweede kwartaal beloop.

Veranderings in buitelandse reserwes

Tesame met die oorskot van R360 miljoen op die lopende rekening was die netto gevolg van hierdie kapitaalbewegings 'n afname van R331 miljoen in die totale netto buitelandse reserves in die tweede kwartaal. Hierdie reserwes het gedurende April en Mei met R322 miljoen gestyg, maar hierdie styging is geheel en al deur 'n skerp daling van R653 miljoen in Junie uitgewis. Ten einde die buitelandse reserwes te ondersteun, het die owerhede hul laste verwant aan reserwes gedurende die tweede kwartaal met R389 miljoen vermeerder. Gevolglik het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes in die tweede kwartaal met R74 miljoen gestyg tot 'n vlak van R4 280 miljoen aan die einde van Junie 1983. Gedurende Julie en Augustus het die bruto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met onderskeidelik R215 miljoen en R505 miljoen gestyg.

Veranderings in netto buitelandse reserwes




Wisselkoerse

Die volgehoue verbetering van die lopende rekening in die tweede kwartaal is in 'n verdere appresiasie van die rand teenoor die meeste van die vernaamste geldeenheide weerspieël. Ten spyte van skommelings van maand tot maand, het die effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die tweede kwartaal met 1,2 persent toegeneem. Dit is deur 'n klein verdere toename in Julie gevolg. In Augustus het die effektiewe wisselkoers van die rand egter effens gedaal as gevolg van 'n taamlike skerp depresiasie van die rand teenoor die buitengewoon sterk VSA-dollar. Per saldo het sy waarde egter voortgegaan om teenoor die ander vernaamste geldeenheide te styg.

Ten einde die tegniese funksionering van die *kontantvalutamark* te verbeter, het die Reserwebank gereel dat die goudmyne vanaf 5 September 1983 in VSA-dollars in plaas van rand betaal word vir goud wat aan die Bank gelewer, word. Vanaf daardie datum het die Bank nie langer 'n kontantvalutawisselkoers genoteer

Wisselkoerse



Veranderings in wisselkoerse van die rand

	Des. 1982 tot Mrt. 1983	Mrt. 1983 tot Jul. 1983	Jul. 1983 tot Aug. 1983
Effektiewe wisselkoers	1,4	1,8	-0,8
VSA-dollar	-2,0	-0,2	-2,3
Britse pond	7,7	-3,4	-
Duitse mark	-0,1	8,7	0,2
Switserse frank	2,1	2,0	0,8
Japanse yen	-0,3	0,8	-0,1
Franse frank	6,0	8,8	0,5

nie, maar het aangedui dat hy die wisselkoers deur middel van tegniese "intervensie" in die valutamark sal beïnvloed. Ten einde die verdere ontwikkeling van die termynvalutamark en die uiteindelike daarstelling van 'n onafhanklike termynvalutamark buite die Reservaatsbank aan te moedig, kan gemagtigde valutahandelaars vanaf 5 September nie meer wisselkoersdekking in die vorm van termynvalutakontrakte by die Reservaatsbank verkry nie. In plaas daarvan kan hulle slegs valutaruiltransaksies met die Bank aangaan om hulle termynposisies in die mark af te dek. Die Bank het egter voortgegaan om termyndekking aan openbare korporasies en owerheidsliggame op dieselfde voorwaardes as vantevore te voorsien. Ná hierdie verandering het die wisselkoers van die rand effens opwaarts beweeg.


Geld en krediet

Veranderings in geldhoeveelheid en krediet

Gedurende die tweede kwartaal van 1983 het daar 'n merkbaar hoër groeikoers in die geldhoeveelheid voorgekom. Gemaat oor 'n tydperk van twaalf maande, het die toename in M2 van 17 persent in Maart tot 22 persent in Junie versnel. Gedurende Julie het M2 egter in werklikheid gedaal en die toename vanaf die ooreenstemmende maand in 1982 het tot 19½ persent verlangsaam.

Die vinniger monetêre uitbreiding gedurende die tweede kwartaal was toe te skryf aan 'n aansienlike hoër koers van toename in totale krediet wat deur die monetêre banksektor verleen is. Volgens veranderings oor 'n tydperk van twaalf maande het die toename in totale bankkrediet van 9 persent in Maart 1983 tot 13 persent in Junie versnel. Hierdie versnelling het voorgekom in bankkrediet aan die nie-bank-private sektor sowel as in netto bankkrediet aan die owerheidssektor. Die belangrikste oorsaak van die eersgenoemde toename was die ommeswai vanaf buitelandse na binnelandse handelsfinansiering waarna hierbo verwys is. Netto bankkrediet aan die owerheidssektor het gedurende April en Mei 'n aansienlike styging getoon

Geldhoeveelheid



vanweë 'n skerp toename in owerheidsbesteding vanaf die begin van die nuwe fiskale jaar op 1 April 1983. In Junie het die owerheidsektor egter opgehou om nuwe bankkrediet te gebruik om sy inkomstetekort te finansier en het in werklikheid sy netto skuldposisie teenoor die banksektor verminder. Dit het gedien om die ekspansionistiese invloed van totale bankkredietverlening op die geldhoeveelheid te verminder.

Rentekoerse, wat vroeg in Maart 1983 tot betreklik lae vlakke gedaal het, het gedurende die tweede helfte van Maart weer gestyg vanweë die uitwerking van die skerp daling in die goudprys en die uitwerking daarvan op die netto buitelandse reserwes en op likwiditeit in die algemeen. Die daaropvolgende vinniger monetêre uitbreiding, tesame met groter akkommodasie wat deur die Reserwebank verleen is ten tye van finansiële stramheid in die mark, het tot gevolg gehad dat rentekoerse tot aan die einde van Mei sywaarts beweeg het. In Junie, toe die regering begin het om sy netto skuldposisie teenoor die banksektor te verminder, het die


toestand aansienlik verander en het rentekoerse weer opwaarts begin beweeg. Hierdie hernieuwe styging het verband gehou met die daling in die geldhoeveelheid gedurende Julie en het gedurende Augustus voortge duur.

Bydraes tot veranderings in die geldhoeveelheid

Die daling in M2 gedurende Julie het afnames in die netto buitelandse reserwes en netto bankkrediet aan die owerheidsektor weerspieël. Bankkrediet aan die private sektor het gedurende hierdie maand slegs matig toegeneem.

In 'n mate is die invloed van die uitbreiding in totale bankkrediet op die geldhoeveelheid gedurende die tweede kwartaal deur 'n daling in die netto buitelandse reserwes geneutraliseer. Die verskillende "bydraes" tot die seisoensaansuiwerde verandering in M2 word in die bygaande tabel getoon.

Lenings en voorskotte van die banksektor* aan die private sektor



Veranderings in M2

Ná seisoensaansuiwering
R miljoene

	1983	
	1e kwartaal	2e kwartaal
Verandering in M2	1 387	1 578
Bydraes tot verandering in M2:		
Bankkrediet aan private sektor	973	1 211
Netto krediet aan owerheidsektor	-11	468
Totale binnelandse bankkrediet	962	1 679
Netto buitelandse reserwes	857	-284
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-189	17
Ander poste	-243	166
Totaal	1 387	1 578

Finansiële markte

Reserwebankoptrede in die finansiële markte

Die Reserwebank se optrede in die finansiële markte gedurende die tweede kwartaal van 1983 en die daaropvolgende twee maande was gedeeltelik daarop gemik om onnodig groot korttermynskommelings in die geldmarktoestand en rentekoerse uit te stryk, en gedeeltelik om beter beheer oor die geldhoeveelheid te verkry.

Regdeur dié tydperk van vyf maande het die Reserwebank wisselende bedrae aan akkommodasie aan die diskontohuise voorsien. Aan die einde van Mei is bankinstellings regstreeks geakkommodeer met 'n bedrag van R93 miljoen. Ten einde bykomende bystand aan die banke te voorsien, het die Reserwebank in Junie begin om sekuriteite kragtens terugkoopooreenkomste van hulle te koop. Uitstaande ooreenkoms het R418 miljoen oor die Junie-maandeinde, R408 miljoen oor die Julie-maandeinde en R459 miljoen oor die Augustusmaandeinde bedra.


Optrede deur die Bank om skommelings uit te stryk het ook bestaan uit aanpassings in die bedrag aan skatkiswissels wat van die begin van April op die weeklikse tender aangebied is. Verder het die Bank gedurende Mei spesiale skatkiswissels verkoop waarvan die aflossingsdatum so bepaal is dat dit met die belastingbetalingspiek aan die einde van Augustus saamval. Op 18 Julie is die likwiedebatevereistes vir bankinstellings verlaag ten einde likwiede bates vry te stel wat deur die banke gebruik kon word om die seisoenale druk op hul kontantbronne die hoof te bied. Bo en behalwe hierdie korttermyn doelwit, het die verslapping van die likwiedebatevereistes deel uitgemaak van 'n langertermyn oorskakeling vanaf 'n likwiedebate- na 'n kontantreservestelsel van kredietbeheer.

Die meer grondiggende opemarkoptrede van die Reserwebank, wat daarop gemik was om veranderings in die geldhoeveelheid te beïnvloed, het bestaan uit verkoop van staatseffekte buite die bankstelsel of uit verkoop aan die nie-bank- private sektor deur die bemiddeling van diskontohuise, bankinstellings en aandelemakelaars. Hierdie verkoop was bedoel om die Regering met sy leningsprogram by te staan ten einde die monetisering van die overheidstekort te voorkom. Gedurende die tweede kwartaal het netto verkoop van staatseffekte in die mark R418 miljoen, en gedurende die daaropvolgende twee maande R539 miljoen bedra. Die meeste van hierdie effekte is op aanvraag van die Tesourie verkry vir die spesifieke doel om dit in die mark te herverkoop.

Veranderings in korttermynrentekoerse

Nieteenstaande die verskillende maatreëls deur die Reserwebank om onnodige groot skommelings in die geldmarktoestand uit te stryk, is tydperke van verruim-

Korttermynrentekoerse



ing en vernouing nogtans in die mark ondervind. Dit is in skommelings in korttermynrentekoerse weerspieël. Maar afgesien van hierdie kleinere skommelings, het korttermynrentekoerse ook meer grondiggende veranderings getoon. Gedurende April en Mei het hulle sywaarts beweg, maar vanaf laat in Junie tot laat in Augustus het hulle 'n skerp toename getoon. Oor die Augustus-maandeinde en vroeg in September het die koers geneig om afwaarts te beweg, maar in die tweede week van September het hulle weer verstewig.

Die koers op bankaksepte van drie maande, byvoorbeeld, het van 9,30 persent op 4 Maart tot 11,75 persent op 31 Maart gestyg en het gedurende April en Mei rondom hierdie vlak geskommel. Daarna het dit tot 16,25 persent op 26 Augustus gestyg voordat dit weer effens tot 16,00 persent op 9 September verlangsaam het. Die skatkiswisseltenderkoers het van 8,86 persent op 4 Maart tot 11,24 persent op 31 Maart gestyg en het verder opwaarts geskommel tot 11,47 persent op 27 Mei. Op 26 Augustus en 9 September het die koers onderskeidelik 15,56 persent en 15,42 persent beloop. Die banke se prima-oortrekkingskoers, wat tot 14 persent in Maart gedaal het, is in vier stappe tot 18 persent in Augustus verhoog.

Kapitaalmarktoestand

In die kapitaalmark het die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, van 'n kwartaallikse gemiddelde van R4 160 miljoen in 1982 tot R8 198 miljoen in die eerste kwartaal van 1983 gestyg voordat dit tot R4 980 miljoen in die tweede kwartaal gedaal het. Die omset op die aandelemark het skerp toegeneem van 'n kwartaallikse gemiddelde van R699 miljoen in 1982 tot onderskeidelik R1 556 miljoen en R1 029 miljoen in die eerste twee kwartale van 1983. Die syfer vir die eerste kwartaal is gedeeltelik opgestoot deur buitelanders se verkoop van genoteerde effekte, ná die afskaffing van die valutabeheer oor nie-inwoners op 7 Februarie en die daaropvolgende skerp daling in die goudprys. Die netto verkoop van effekte deur buitelanders het R570 miljoen in die eerste kwartaal en R296 miljoen in die tweede kwartaal bedra.

Nuwe fondse wat in die mark vir vasterentedraende effekte opgeneem is deur die openbare sektor en maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het R1 176 miljoen in die eerste kwartaal en R511 miljoen in die tweede kwartaal bedra. Die laasgenoemde syfer het 'n aansienlike groter bedrag aan lenings ingesluit,

wat in Junie deur die Sentrale Regering van die niebank- private sektor verkry is ten einde die verdere gebruik van bankkrediet vir die finansiering van sy inkomstekort te vermy. Hierdie groter lenings deur die Regering, hoofsaaklik deur middel van oepemarkverkope van staatseffekte deur die Reserwebank, het gedurende die derde kwartaal voortgeduur. Nuwe fondse wat op die aandelemark deur genoteerde maatskappye verkry is, was beperk tot die klein bedrae van onderskeidelik R3 miljoen en R56 miljoen in die eerste en die tweede kwartaal.


In die verbandmark het die groter algemene beskikbaarheid van fondse in 'n aansienlik groter vloei van fondse na die verbandmarktussengangers tot uiting gekom. Bouverenigings en deelnehemingsverbandskemas se inname van nuwe fondse het toegeneem van 'n kwartaallikse gemiddelde van R496 miljoen in 1982 tot R1 115 miljoen in die eerste kwartaal van 1983 en R543 miljoen in die tweede kwartaal. Die bedrag aan nuwe verbandlenings wat deur hulle toegestaan is, het gevoldlik van 'n kwartaallikse gemiddelde van R668 miljoen in 1982 tot onderskeidelik R1 678 miljoen en R1 634 miljoen in die eerste en die tweede kwartaal van 1983 gestyg. Vanaf Junie was daar egter 'n duidelike verandering in die algemene beskikbaarheid van fondse in die finansiële markte en het die inname van nuwe fondse deur hierdie verbandmarktussengangers aanmerklike kleiner afmetings aangeneem.

Gepaardgaande met die algemene toename in finansiële bedrywigheid en gesteun deur die hoër vlak van verbandlenings, het die waarde van transaksies in vaste eiendom van 'n kwartaallikse gemiddelde van R1 740 miljoen in 1982 tot onderskeidelik R1 996 miljoen en R2 792 miljoen in die eerste en tweede kwartale van 1983 gestyg. Afgesien van die bydrae van die fondse wat deur die verbandmarktussengangers beskikbaar gestel is, het die verdere toename in transaksies in vaste eiendom ook verband gehou met 'n groter finansiering of die regstreekse deelname deur ander finansiële instellings sowel as deur die huishouding- en die maatskappysektor.


Veranderings in langtermynrentekoerse

Langtermynrentekoerse het ongeveer dieselfde verloop as korttermynkoerse getoon. 'n Redelike skerp daling tot vroeg in Februarie 1983 is gevolg deur 'n stying tot einde Maart, betreklik min verandering gedurende April en Mei, en 'n duidelike nuwe stying vanaf Junie. Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het toegeneem van 'n laagtepunt van 10,6 persent in Januarie 1983 tot 12,3 persent in Maart. Dit het tot Mei op hierdie vlak gebly, maar het daarna tot 13,4 persent in Augustus toege neem. Insgelyks het die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op semi-prima-effekte van die hoogste graad van 11,2 persent in Januarie 1983 tot 12,7 persent in Maart en tot 13,9 persent in Augustus gestyg.


Transaksies in effekte en vaste eiendom



Langtermynopbrengskoerse



Aandelepryse



Veranderings in die gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het nie dieselfde patroon as ander langtermynopbrengskoerse gevolg nie. Met geringe skommelings het hierdie opbrengskoers sy afwaartse verloop regdeur die eerste agt maande van 1983 voortgesit en 6,0 persent in Maart, 5,6 persent in Junie en 5,3 persent in Augustus beloop. Afgesien van enkele verlaginge in dividende, het hierdie opbrengskoersdaling 'n verdere opwaartse beweging in aandelepryse weerspieël. Aandelepryse het met gemiddeld 13 persent van Maart tot Junie toegeneem, in Julie onveranderd gebly en daarna gedurende Augustus met 2 persent gestyg. Gedurende die vyf maande tot Augustus het die prysse van goudmynaandele met 18 persent gestyg, dié van ander mynbouaandele met 10 persent, dié van finansiële aandele met 13 persent en dié van nywerheids- en handelsaandele met 11 persent.

Die koerse op die bouverenigings se woonhuisverbande het in Augustus met 0,5 persent gestyg tot 'n patroon van 14,5 – 15,5 persent vir lenings tot R60 000. Die koerse op lenings bo R60 000 is reeds in Julie met 1,5 persent tot 16,75 – 17,0 persent verhoog. Die verhogings in die banke en bouverenigings se uitleenkoerse sedert Junie 1983 het verband gehou met die aanpassings in depositokoerse. So byvoorbeeld is die oorheersende koers op deposito's van twaalf maande by banke en bouverenigings in twee stapte van 10,5 – 11,0 persent in Junie tot 13,0 in Julie verhoog.

Op hul vlakke vroeg in 1983 was die meeste langtermyn- sowel as korttermynrentekoerse negatief in reële terme. As gevolg van die daaropvolgende opwaartse beweging in rentekoerse, het die meeste koerse gedu-

rende Julie en Augustus egter in reële terme weer positief geword. Desnieteenstaande was hierdie positiewe reële koers in vergelyking met reële rentekoers in daardie nywerheidslande wat groot welslae met die verlaging van hul inflasiekoers gehad het, steeds betreklik laag.


Staatsfinansies

Skatkisuitreikings en -ontvangste

Soortgelyk aan die seisoenspatroon van die afgelope aantal jare, het departementele uitreikings uit die Skatkisrekening* gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1983/84, dit wil sê die tydperk April tot Julie 1983, skerp gestyg. Vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1982, het die groeikoers 15,5 persent bedra, wat heelwat hoër was as die begrotingsraming van 10,3 persent vir die fiskale jaar in sy geheel. Betalings ten opsigte van droogtehulp was gedeeltelik vir hierdie toename in uitreikings verantwoordelik, maar die hoër vlak van uitreikings het ook vir verskeie ander klasse van besteding gegeld.

Inkomste-invorderings gedurende die eerste vier maande van die fiskale jaar 1983/84 was 8,3 persent

Skatkisrekening



*Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir veranderings in die saldo op die Betaalmeestergeneraalrekening, ten einde die skatkisuitreikings meer in ooreenstemming met die werklike regeringsbesteding te bring.

hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Die koers van toename was ietwat laer as die begrotingsraming van 9,6 persent vir die fiskale jaar in sy geheel. Die laer toenamekoers was te wye aan 'n werklike daling in totale inkomste in Julie, vergeleke met die ooreenstemmende maand in 1982, hoofsaklik vanweë 'n baie groter as verwagte daling in ontvangste van doeanereg (insluitende die bobelasting op invoergoedere), 'n afname in inkomstebelastinginvorderings, en groot oordragte van inkomste aan aangrensende lande kragtens Doeane-Unie-ooreenkomste. Indien hierdie oordragte nie in berekening gebring word nie, was die toenamekoers in inkomste gedurende die vier maande effens hoër as die begrotingsyfer. In die besonder het die invorderings van inkomstebelasting- en mynhuurbetalings deur goudmynmaatskappye gestyg teen 'n koers wat hoër was as wat verwag is. Die toenamekoers in inkomstebelastingontvangste vanaf individue het in die tweede kwartaal van 1983 die begrotingsraming oorskry, maar die styging in inkomstebelastingontvangste vanaf nie-goudmynmaatskappye was laer as wat verwag is, as gevolg van kleiner maatskappywinste.


Finansiering van die tekort voor lenings

As 'n weerspieëeling van die toenemende gaping tussen uitreikings en ontvangste (uitgesonder oordragbetalings aan aangrensende lande), het die skatkisrekeningtekort voor lenings en skuldflossing gedurende die eerste vier maande van 1983/84 soveel as R2 276 miljoen bedra. Hierdie tekort het in werklikheid die begrotingsraming van R2 082 miljoen vir die volle fiskale jaar oorskry.

Gedurende die eerste twee maande van die fiskale jaar is die tekort gedeeltelik deur bankkrediet gefinansier. Gedurende hierdie twee maande het die netto bankkrediet aan die Regering met R488 miljoen toegenem en dit het die netto bankkredietverlening aan die breëre regeringssektor gedurende die tweede kwartaal van 1983 verklaar. As gevolg van twee tender-uitgiftes van staatseffekte gedurende Junie en die Reserwebank se aansienlike verkoop van staatseffekte wat op aanvraag van die Tesourie verkry is, was die Regering egter in staat om sy lenings buite die banksektor te verhoog en sy netto skuldposisie teenoor die banksektor vanaf Junie te verlaag. Per saldo het die netto bankkrediet aan die Regering gedurende die eerste vier maande van 1983/84 R254 miljoen beloop. Die oorblywende deel van die skatkistekort gedurende hierdie vier maande is deur middel van netto lenings van R910 miljoen van die Staatskuldkommissaris, R1 002 miljoen van die nie-bank- private sektor en R110 miljoen van die buitelandse sektor gefinansier.

Nuwe staatseffekte ten bedrae van R300 miljoen is gedurende Junie per tender uitgereik. Daarbenewens is nuwe staatseffekte, ook ten bedrae van R300 miljoen, gedurende Junie op aanvraag aan die Reserwebank uitgereik. Verdere uitgiftes van R450 miljoen en R87 miljoen is gedurende Julie en Augustus onderskeidelik op aanvraag aan die Reserwebank gemaak.

Skatkistekort en bankkredietfinansiering



Verklaring oor die verslapping van likwiedebatevereistes vir bankinstellings

Uitgereik deur dr. Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

18 Julie 1983

In sy Tweede Tussentydse Verslag oor *Die Bouverenigings, die Finansiële Markte en Monetêre Beleid*, het die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika die volgende aanbevelings met betrekking tot die minimum kontantreserwe en likwiedebatevereistes vir bankinstellings gedoen:

- dat die minimum basiese likwiedebateverhoudings geleidelik verminder word van die huidige 30, 20 en 5 persent van die kort-, middel- en langtermynverpligtigs teenoor die publiek, onderskeidelik, tot 20, 15 en 5 persent, onderskeidelik;
- dat alle *aanvullende* likwiedebatevereistes uitgefaseer word;
- dat die minimum basiese kontantreserwesaldo's by die Reserwebank vasgestel word op 8 persent van korttermyn- en 4 persent van middeltermynverpligtigs;
- dat aan die Reserwebank die reg verleen word om teen sowel kort- as middeltermynverpligtigs *aanvullende* kontantreserwevereistes in te stel; en
- dat die Reserwebank gemagtig word om rente op reserwesaldo's te betaal.

Daar is ook op gewys dat hierdie voorstelle slegs 'n deel van die Kommissie se aanbevelings ten opsigte van banke in sy komende Finale Verslag sal uitmaak en gevolglik nie in isolasie gesien moet word nie.

In ooreenstemming met hierdie aanbevelings is nou besluit om, as 'n eerste stap, die likwiedebatevereistes vir bankinstellings met onmiddellike inwerkingtreding soos volg te verlaag:

In die geval van die nege grootste banke, word die vereiste besit aan likwiede bates verlaag van 54 tot 48 persent van korttermynverpligtigs teenoor die publiek en van 34 tot 28 persent van middeltermynverpligtigs. Vir alle ander bankinstellings word die likwiedebatevereistes verlaag van 50 tot 48 persent in die geval van korttermynverpligtigs teenoor die publiek en van 30 tot 28 persent in die geval van middeltermynverpligtigs. Hierdie veranderings sal tot gevolg hê dat die oorblywende diskriminasie tussen "groot" en "klein" banke ten opsigte van wetlike finansiële vereistes verwyder word.

Gebaseer op die syfers vir die einde van Mei 1983, behoort hierdie veranderings die totale vereiste likwiede bates van bankinstellings met omtrent R1 000 miljoen te verlaag.

Die vermindering van die banke se likwiedebatevereistes is *nie* bedoel as 'n verslapping van monetêre beleid met die oog op die stimulering van totale beste-

ding nie. Dit moet eerder gesien word as 'n logiese uitvloeisel van die huidige oorgangsproses vanaf 'n likwiedebate-na 'n kontantreserwestelsel van kredietbeheer. Onder die nuwe stelsel wat nou begin vorm aanneem, sal die monetêre owerhede die vermoë van die banke om geld te skep hoofsaaklik beïnvloed deur markgerigte beleidsmaatreëls soos die bestuur van die openbare skuld, opemarktransaksies en herdiskontratingsbeleid, en nie soos in vroeër jare deur op die banke se besit aan likwiede bates te opereer nie. Op sigself behoort die huidige verlaging van die likwiedebatevereistes derhalwe nie die bankstelsel se vermoë om krediet te skep aansienlik te beïnvloed nie.

Die *tydsberekening* van die nuwe stap is egter duidelik beïnvloed deur die onlangse vernouing van die geldmarktoestand en die gevolglike opwaartse druk op rentekoerse, sowel as deur die verwagte nuwe seisoenale vernouing teen die einde van Augustus. Onder hierdie omstandighede behoort die verlaging van die likwiedebatevereistes vanaf hulle huidige abnormaal hoë vlakte die toestand te verlig en die opwaartse druk op rentekoerse op twee maniere te verminder: Ten eerste sal dit die banke se *effektiewe* koste van fondse verminder. En, ten tweede, sal dit ongeveer R1 000 miljoen aan likwiede bates vrystel vir gebruik deur die banke om strawwe seisoenale druk op hulle kontantbronne te verlig. Op hierdie manier behoort dit sowel die banke as die monetêre owerhede te help in die hantering van moontlike skerp en ontwrigtende Seisoenskommelings in die geldmarktoestand gedurende die komende weke. Die presiese uitwerking wat dit op rentekoerse sal hê, sal natuurlik in 'n groot mate afhang van die omvang en die koste van die akkommodasie wat deur die Bank aan die mark verleen word.

Dit moet beklemtoon word dat dit die beleid van die monetêre owerhede bly om die koers van toename in die geldhoeveelheid te verminder en om sodanige rentekoersveranderings te aanvaar as wat nodig mag wees om hierdie beleid effekief te maak – alles as 'n noodsaklike deel van die amptelike strategie teen inflasie.

Verklaring insake die verdere ontwikkeling van die valutamark in Suid-Afrika

Uitgereik deur Sy Edele O.P.F. Horwood, Minister van Finansies

25 Augustus 1983

In sy *Tussentydse Verslag oor Wisselkoerse in Suid-Afrika* het die Kommissie van Ondersoek na die Monetäre Stelsel en Monetäre Beleid in Suid-Afrika (die De Kock-Kommissie) in November 1978 'n wisselkoersstelsel aanbeveel "waaronder 'n onafhanklike en beweeglike rand sy eievlak vind in goed ontwikkelde en mededingende kontant- sowel as termynvalutamarkte in Suid-Afrika, onderworpe aan Reserwebank- 'intervensie' of '-beheer' deur middel van aankope en verkope van valuta (hoofsaaklik VSA-dollars), maar met geen valutabeheer oor nie-inwoners nie en slegs beperkte beheer oor inwoners."

In Januarie 1979 het ek aangekondig dat hierdie aanbevelings deur die Regering aanvaar is en daarna is onmiddellik begin met die voorgestelde evolusionêre proses van valutamarkontwikkeling. Sedertdien is goeie vordering op hierdie pad gemaak. In Februarie 1983 is 'n belangrike verdere stap gedoen toe die Regering besluit het om valutabeheer oor nie-inwoners op te hef. Die volgende stap is nou om die tegniese werking van die valutamarkte verder te verbeter ten einde die weg te baan vir moontlike verdere vereenvoudiging en verslapping van valutabeheer in 'n latere stadium wanneer die tyd daarvoor gesik geag word.

Soos reeds in die vooruitsig gestel is, sal die Reserwebank ter uitvoering van hierdie beleid sekere nuwe valutamarkreeëlings in werking stel vanaf 5 September 1983. Ek kan nou aankondig dat hierdie nuwe reëlings die volgende sal wees:

Die kontantvalutamark

1. Die Reserwebank sal voortaan die Suid-Afrikaanse goudmyne nie meer in rand nie maar in VSA-dollars betaal vir die goud wat hulle aan die Bank lewer. Soos in die verlede sal die myne nog die goud wat hulle produseer aan die Reserwebank moet verkoop en die Bank sal steeds die bemarking van die goud waarneem. Dit sal van die myne vereis word om alle VSA-dollars wat so aan hulle uitbetaal word, net soos enige ander uitvoerder binne sewe dae ná ontvangs van betaling aan 'n gemagtigde valutahandelaar in Suid-Afrika te verkoop. Reëlings is reeds met die Kamer van Mynwese en die verskillende mynhuise getref om hierdie oorskakeling so glad as doenlik te laat verloop.

2. Die Reserwebank sal nie meer 'n kontantvalutawisselkoers noteer nie, maar wel deur middel van tegniese "intervensie" in die valutamark die wisselkoers beïnvloed, onder andere met die oog op die uitstryking van oormatige skommelings. Onderhewig aan sodanige Reserwebank-beïnvloeding, sal die wisselkoers deur vraag en aanbod bepaal word. Die gemagtigde valutahandelaars sal natuurlik met die notering van wissel-

koerse voortgaan. Die Reserwebank sal wel bereid wees om vir transaksies met sy eie kliënte, byvoorbeeld regeringsdepartemente, op navraag 'n markverwante wisselkoers aan te bied.

3. Die Reserwebank se "intervensie" in die mark sal geskied deurdat die Bank, normaalweg op sy eie initiatief, VSA-dollars van die gemagtigde valutahandelaars aankoop of aan hulle verkoop teen die prys wat hulle noteer of teen ander ooreengekomme prys. Op hierdie wyse sal die Bank wisselkoersbewegings in die mark waarmee hy nie genoeg neem nie, teenwerk. Die Bank behou die reg voor om te enige tyd 'n perk te plaas op die grootte van enige enkele kontantvalutatransaksie wat hy bereid sal wees om teen 'n gegeve wisselkoers te doen, maar die Bank kan natuurlik net soveel opeenvolgende transaksies aangaan as wat hy mag goeddink. Die Bank sal ook nie enige transaksie vir 'n bedrag kleiner as VSA \$1 miljoen op 'n keer doen nie.

Die termynvalutamark

Die termynvalutamark het stadiger as die kontantvalutamark ontwikkel, hoofsaaklik omdat die Reserwebank nog altyd bereid was om wisselkoersdekking vir onbeperkte bedrae in die vorm van termynkontrakte aan die mark beskikbaar te stel. Hierdie termynkontrakte is beskikbaar gestel teen die Reserwebank se eie kontantkoerse aangepas met 'n premie of 'n diskonto wat deur die Bank self bepaal is en wat meesal gelyk was aan die verskil tussen die dollar- en randrentekoerse in daardie stadium.

Hierdie stelsel van voorsiening van termyndekking het verskeie belangrike nadele:-

Eerstens dra die Reserwebank vir rekening van die Tesourie die blootstellingsrisiko ten opsigte van wisselkoersveranderings in soverre die Bank nie 'n "gebalanceerde" termynboek het nie;

Tweedens is die termyn- en kontantvalutamarkte nie geïntegreer nie en beïnvloed wisselkoersverwagtings, wat wel in die termynboek weerspieël word, nie die kontantwisselkoerse nie; en

Derdens word termynwisselkoerse nie deur markfaktore bepaal nie.

Hierdie probleme kan nie almal onmiddellik uitgeskakel word nie. Die volgende veranderings wat ook op 5 September 1983 in werking sal tree, behoort egter die verdere ontwikkeling van die termynvalutamark aan te moedig, en het die uiteindelike daarstelling van 'n selfstandige termynvalutamark buite die Reserwebank ten doel:

1. Gemagtigde valutahandelaars sal voortaan nie meer wisselkoersdekking by die Reserwebank in die vorm van termynvalutakontrakte kan verkry nie, maar sal slegs

valutaruitransaksies ("swaps") met die Bank kan aan gaan om hulle termynposisies in die mark af te dek. 'n Bankinstelling wat byvoorbeeld VSA-dollars op termyn aan 'n kliënt verkoop, sal eers die nodige dollars in die kontantmark aankoop en dit dan, verkieslik weer in die mark, vir kontant verkoop en op termyn terugkoop. Indien die bankinstelling hierdie tweede been van die transaksie nie in die mark afgesluit kan kry nie, kan hy die Reserwebank nader om die "swap" met die Bank te doen. Die terugkooptransaksie sal dus verseker dat die bankinstelling op 'n bepaalde toekomstige datum die nodige dollars teen 'n ooreengekome prys sal bekomm wat hy dan aan sy kliënt, kragtens die oorspronklike termynkontrak, sal kan lewer. Op hierdie wyse sal termynvalutatransaksies ook die kontantwisselkoerse beïnvloed, en word die twee markte dus effektief geïntegreer.

2. Die Reserwebank sal net soos in die verlede termyn-dekking aan gemagtigde valutahandelaars vir tydperke tot 12 maande beskikbaar stel, en sal voorlopig ook nog marges (premies of diskonto's op die kontant-wisselkoers) vir soedanige termyndekkingstransaksies op die Reutermonitor beskikbaar stel. Alle termyndekkingstransaksies met gemagtigde valutahandelaars sal egter in die vorm van "swaps" gedoen word. Die Bank behou hom die reg voor om te enige tyd 'n perk te plaas op die grootte van enige enkele termynvalutatransaksie wat hy bereid sal wees om teen 'n gegewe wisselkoers te doen, maar die Bank kan natuurlik net soveel opeenvolgende transaksies aangaan as wat hy mag goed-dink. Die Bank sal ook nie enige transaksie vir 'n bedrag kleiner as VSA \$1 miljoen op 'n keer doen nie.
3. Ten einde die Tesourie se risiko's ten opsigte van die verskaffing van termyndekking te beperk, is daar met die gemagtigde valutahandelaars ooreengekom dat die Reserwebank aan elke handelaar 'n kwota sal toeken vir die maksimum netto bedrag wat hy deur middel van ruiloooreenkomste aan en van die Bank op termyn kan verkoop en aankoop. Vir die eerste jaar, dit wil sê, vanaf 5 September 1983 tot 31 Augustus 1984, word die totale bedrag van hierdie blootstelling vir al die gemagtigde valutahandelaars gesamentlik op VSA \$10 000 miljoen vastgestel. Op 1 September 1984 word dit met een-derde en op 1 September 1985 met 'n verdere derde verminder. Die Reserwebank se verpligting om termyndekking aan gemagtigde valutahandelaars te verskaf, sal op 31 Augustus 1986 ten volle verval. Die Bank mag daarna natuurlik nog besluit om wel op eie inisiatief intervensie in die termynvalutamark te doen, maar sal geen verpligting daar toe hê nie.
4. Gedurende die interimtydperk sal die Reserwebank met die gemagtigde valutahandelaars saamwerk om metodes te vind om die ontwikkeling van die termynvalutamark buite die Reserwebank aan te moedig. As 'n verdere stap in hierdie rigting sal die goudmyne nou reeds toegelaat word om 'n gedeelte van hul verwagte toekomstige opbrengste uit goudverkope vir 'n maksi-

mum tydperk van 12 maande aan die valutamark vooruit te verkoop.

5. Hierdie veranderings in die tegnieke van die termynvalutamarkte raak nie die termynvalutadekking wat die Reserwebank namens die Tesourie vir langer tydperke as twaalf maande aan openbare korporasies en regeringsliggame beskikbaar stel nie. Hierdie dekking sal nog steeds op dieselfde voorwaardes as voorheen aan die betrokke liggame voorsien word.

Die Reserwebank sal steeds baie aktief in die valutamarkte bly, en sal veral aanvanklik regstreeks of deur middel van valutamakelaars in die mark optree ten einde oorgangsprobleme tot die minimum te beperk. Gemagtigde valutahandelaars en die mynhuise is dan ook versoek om die Bank voortdurend op hoogte van verwikkelinge in die mark te hou.